Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 6 Julie 1949 Prys 3d. No. 33

# BELGIË KRY OOK 'N OSSEWABRANDWAG: OP 8 MEI GESTIG

**'n Beweging soortgelyk as die Ossewabrandwag is op 8 Mei in België in die lewe geroep. Die organisasie wat bekend staan as De Volksunie, het al dadelik met die kwaaiste teenstand van die kant van kommunistiese elemente en partypolitici te kampe gehad — tot so 'n mate dat die stigtingsvergadering in een stadium met geweld opgebreek is. Die beweging staan vir groter volkseenheid — en dus vir hervorming van die parlementêre stelsel — en sy ekonomiese en maatskaplike beleid is in breë trekke en in sommige gevalle feitlik woordeliks dieselfde as dié van die Ossewabrandwag. 'n Strydblad wat weekliks verskyn onder die naam DE VOORPOST propageer op pragtige wyse die ideale van die beweging.**

**Wat die verwantskap tussen die twee bewegings nog groter maak is die feit dat De Volksunie ook die stryd voer vir die kulturele voortbestaan van die Vlaamse volksdeel binne die tweetalige Belgiese staat.**

'n Verdere ooreenkoms is die bemoeiing wat die beweging hom getroos om die vervolgde burgers van België wat deur die regering in tronke en kampe gesmyt is in hul vryheid en regte herstel te kry. Teenoor Duitsland word 'n simpatieke standpunt ingeneem met erkenning van die noodsaaklikheid dat hierdie land opgehef sal moet word uit die modder waarin die oorwinnaars hom gedompel het indien Europa vir die Christelike wêreld gered moet word.

Onderstaande beleidspunte gee in kort die doelstelling van die nuwe beweging, en daaruit blyk dan ook hoe naby hy aan die Ossewabrandwag staan:

### PARTYPOLITIEK

**„Ons glo dat 'n groeiende massa van burgers oortuig is dat die groot maatskaplike, kulturele en tegniese probleme wat daar bestaan, buite die enge partypolitiek moet lê;**

**„dat die groot partye hul koalisieregerings gebruik om alle doeltreffende teenstand te smoor en die partymasjiene die mens verlaag het tot 'n werktuig;**

„dat 'n ware demokrasie moet steun op 'n goed ingeligte en aktiewe bevolking;

**„dat die parlementarisme en die regeringsapparaat in België geen stabiele regeringsvorm bring en geen sistimatiese en grootse verwesenliking moontlik maak nie;**

„dat gevolglik alleen 'n beweging wat die bevolking as deelnemers en nie as werktuie in die staat beskou, by magte is om die land na 'n beter toekoms te lei."

### ARBEID EN WELVAART

Die Volksunie streef na 'n orde wat die voorrang van die arbeid, die reg op arbeid en daardeur die reg op 'n menswaardige bestaan vir almal moet verseker.

Hy glo in 'n demokratiese volksbeweging in diens van die gemeenskap, wat die arbeider, boer en die middelstander, die man met uitvoerende en die man met leidende arbeid omvat.

**„Hy wil hierdie groepe sien groei — elk in hul sfeer — tot eendragtelike en magtige verbonde wat tesame die volkswelvaart nastrewe, nie deur magsmiddele of deur klassestryd nie, dog gesteun op ewewig tussen die belange — in orde, in vrede en geregtigheid.**

„Hy wil die vrye ondernemingsgees sy loop laat neem en in harmonie hou met die gemeenskapsbelang en 'n hierargie tot ontwikkeling sien kom wat nie op geld nie, dog op vaardigheid, kennis, ywer en talent sal steun.

### GESINSORG

„Hy wil die staat dieselfde sin vir spaarsaamheid leer as wat vir die gesin geld, en die burokrasie inperk.

**„Hy wil die kinderryke gesinne help deur die erkenning van die beginsel ‚aan elk volgens sy behoefte'."**

Die beweging is soos uit sy beleidspunte afgelei kan word, sosialisties van inslag, maar hy het 'n skerpe veroordeling vir die „politieke sosialisme" van hierdie eeu wat homself aan die

(Vervolg op bls. 8 kol. 1)

# BRITSE HAAT AS OORLOGSFAKTOR

**Een van die grootste rampe vir die wêreld vandag is dat Britse „staatsmanne" met hul ingewortelde vooroordele wat net so onvernietigbaar is as die Engelsman se liefde vir tradisie, nog so 'n groot seggenskap in wêreldsake het. Aan die hoof van Brittanje sit 'n klompie politici diep ingesink in hul eeue-lange partygroewe. Hulle het geen oog vir veranderde toestande sowel in hul eie land as in die wêreld buite hul grense nie. Hulle bly vaskleef aan die idees en hartstogte wat hulle van hul oupas geërf het.**

Tipiese voorbeeld van hierdie soort mentaliteit is Duff Cooper, voorheen 'n minister van oorlog, wat 'n paar weke gelede tydens 'n besoek aan Madrid 'n onderhoud aan 'n koerantman toegestaan het. Op die vraag of hy glo aan die moontlikheid van 'n nuwe oorlog, het hy met groot stelligheid geantwoord:

**„Ek sal slegs dan aan 'n nuwe oorlog glo wanneer Duitsland sterk genoeg is om een te voer.** Daardie land sal altoos 'n land van botsings bly, 'n gevaarlike land, veel meer as Rusland. Reeds vandag dink die Duitsers weer aan weerwraak. **Aangesien hulle niks het om te verloor nie, oorweeg hulle die moontlikheid dat hulle slegs alles kan wen."**

So blind is hierdie Brit dat hy nie eens besef dat indien sy stelling waar sou wees, die plundering wat in Duitsland nog aan die gang is, juis moet bydra tot die NIKS wat Duitsland sal aanmoedig om 'n oorlogsdobbelaar te word nie.

# Britse Dwaasheid Seëvier In Wes-Duitsland

**Hoewel die Britse militêre bewind daarin geslaag het om sy aftakelingsprogram in die Ruhr voort te sit nadat Duitse weerstand met behulp van Belgiese troepe gebreek is, word die Duitse verset deur politieke waarnemers nog in 'n baie ernstige lig beskou. Dit word aanvaar as 'n bewys dat die Duitse volk besig is om sielkundig en ekonomies op te staan — met ander woorde die begin van 'n vryheidstryd net soos na die vorige wêreldoorlog wat uitgeloop het op die verskyning van Hitler.**

**Die Engelse pers berig dat hierdie ontwaking 'n jaar gelede begin intree het toe as gevolg van die nuwe geldstelsel daar meer voedsel in die winkels „en in die mage van die Duitsers gekom het" — blykbaar 'n joernalistieke wenk aan die veroweraars om die bron van die kwaad ooreenkomstig die Morgenthau-plan uit te sny.**

Dieselfde berigte voeg daaraan toe dat die Duitsers die kuns deeglik verstaan om die Amerikaanse belastingbetalers aan die verstand te bring dat die aftakeling van hul nywerhede per slot van sake net beteken dat Amerika groter bedrae sal moet skenk om Duitsland op sy voete te bring. Dat die Britte vir hierdie taktiek baie bang is, kan begryp word op grond van ervaring. Verlede jaar het Amerika aangedring op 'n wysiging van die aftakelingsprogram sodat baie fabrieke wat oorspronklik aangemerk was vir afbreking gespaar sou bly. **Van Britse en Franse kant het daar kwaai teenstand gekom, maar Amerika het eenvoudig gedreig met sy dollarwapen. Uiteindelik het die Britte toe skoorvoetend ingewillig om die nuwe lys te aanvaar.**

### HORLOSIES

Hoewel die oorspronklike lys van 1,686 fabrieke selfs sulke onskadelike ondernemings as horlosie-fabrieke ingesluit het, is die aftakeling aan die wêreld voorgehou as 'n noodsaaklikheid met die oog op die vernietiging van die Duitse oorlogsnywerheid. **Intussen het dit al meer deurgeskemer dat Brittanje maar net besig was om 'n handelsmededinger buite aksie te stel.**

Op Amerikaanse aandrang is die lys in April hierdie jaar opnuut hersien en is slegs 550 fabrieke nog oorgelaat vir aftakeling. Op hierdie lys verskyn ook nog die Duitse petrol- en oliefabrieke, die aftakeling waarvan aanleiding gegee het tot die onlangse Duitse verset. Die Duitsers hou vol dat hierdie fabrieke noodsaaklik is vir Duitsland se vredesbehoeftes. Toe die oorlog op sy toppunt was het hierdie fabrieke nog maar slegs die helfte van Duitsland se behoeftes geproduseer.

### DWAASHEID

**Die dwaasheid van die Geallieerdes blyk ten duidelikste uit die feit dat hulle teen Duitsland optree op grond van die wêreldtoestande van dertig jaar gelede. Tans word deur almal aanvaar dat nie Duitsland nie, maar Rusland die vyand van die toekoms van sowel Brittanje as die hele Westerse wêreld is. In daardie stryd moet Duitsland deel van die Weste vorm, soos Hitler telkemale selfs na die uitbreek van die oorlog voorgestel het. Om Duitse petrolfabrieke dus te wil sloop onderwyl die Weste van elke druppel petrol in die wêreld afhanklik sal wees in 'n stryd teen Rusland, veral as laasgenoemde in die Nabye Ooste toeslaan soos verwag word, is die toppunt van kinderagtigheid.**

Maar dit gebeur tans in Duitsland.

---

# 30,000 Kinders Gesteel Deur Kommuniste

'n Landswye protes, ten einde die saak onder die aandag van die volkere van die wêreld te bring, is onlangs in Griekeland van stapel gestuur teen die praktyk dat die Kommuniste sowat 30,000 Griekse kinders na Kommunistiese lande ontvoer het waar hulle in die Kommunistiese beginsels onderlê en geleer sal word om hulle eie vaderland te haat.

Op vergaderings is ook besluite geneem waarin die steun van die beskaafde volkere gevra word om die Griekse kinders weer terug te kry.

# Besieling Gaan Uit Van Heidelberg

**Offisiere van Generaalskap A18 het verlede Saterdagmiddag saamgetrek in die Stadsaal op Heidelberg (Kaap). Die Voorligtingsoffisier, genl. W. R. Laubscher, het die byeenkoms toegespreek en uitgewei oor die stryd van die Ossewabrandwag, en die implikasies daarvan sowel as oor die roeping en plig van die beweging.**

Genl. J. L. Swart het die verrigtinge gelei en die aanwesiges hartlik welkom geheet.

Die vroue van Heidelberg het koffie en lekkernye bedien voor en na die besprekings en sodoende 'n gesellige atmosfeer geskep.

Die leiers van die O.B. is ten volle bewus van die onverdiende vyandskap van die kant van u mede-Afrikaners waarmee u — offisiere en brandwagte — in u samelewings te kampe het, het genl. Laubscher verklaar. En u leiers weet dat die vyandskap vir u — veral vir u — onaangenaam is, omdat u by uitstek die manne en die vroue is wat u broer se hoeder wil wees. **Maar onthou dat u sodanige vyandskap moet verduur omdat u op die regte pad is en omdat u weier om saam met die skreeuers te loop op die maklike pad van die opportunisme.**

Die Ossewabrandwagte is die moderne bittereinders — ons staan nog trou en pal by die tradisionele beginsels van ons volk wat die menigtes saam met ons aanvaar het in die wonderjare na 1938. Ons het nie die stryd gestaak en gehensop omdat dit nie langer mode is om ware Afrikaner en republikein te wees nie. **Ons veg voort omdat ons stryd die voortsetting is van die stryd van ons voorgeslagte, het spr. gesê.**

Genl. Laubscher het sy waardering uitgespreek vir die mooi opkoms en gesê dat die teenwoordigheid van al die troue offisiere vir hom 'n aansporing en 'n besieling is — waarvoor hy innig dankbaar is.

Komdt. S. W. Joubert van Barrydale trek eerskomende Saterdag sy kommando bymekaar om verslag te doen van te bespreek vir Fondsdag. — die sametrekking en om reëlings (INGESTUUR.)

# Koukustirannie Is Met Groot Teensin In S.A. Ingevoer

## Parlementêre Stelsel Se Euwelproduk

**Die nadele van die koukusstelsel wat oorsaak is dat die volksraad eintlik net 'n rubberstempel is op die besluite wat in die koukus deur 'n minderheid van die volksraad deurgedryf is, word behandel deur wyle sir James Rose-Innes in sy aantekeninge oor sy indrukke van die parlement, soos gepubliseer in die Cape Times.**

**Aan die hand van die politiek van Merriman en Sauer en hul parlementêre loopbane in Kaapland behandel die skrywer die ontstaan van die koukus in Suid-Afrika en verklaar dat albei hierdie manne die stelsel gehaat het.**

„Albei manne was groot parlementariërs, gesteld op die eer en waardigheid van die Huis, sorgsame bewakers van sy voorregte en trots op sy tradisies. **En, natuurlikerwyse, het hulle nie van die koukus gehou nie. Hierdie rampspoedige ontwikkeling van parlementêre demokrasie was skaars in Kaapland bekend in die tagtiger jare.**

„Volgens Lord Bryce het dit eers ontstaan in 1880, 'n uitvinding van die Ierse Party in die laerhuis. Dit het eerste wortelgeskiet in die Bond-groep onder die troetelende sorg van Hofmeyr, maar het spoedig na ander ook versprei omdat dit skynbaar in die politieke omstandighede in Suid-Afrika 'n baie geskikte aarde gevind het. Voor die end van die eeu het dit 'n goed gevestigde toevoegsel geword tot die wetgewende masjien. **Politieke partye is nodig vir die werking van parlementêre regering en hulle kan nie funksioneer sonder enige maatreël vir dissipline nie.**

### DUUR DISSIPLINE

**„Soos die koukus vandag bestaan vervul hy daardie doel, maar teen watter koste! Hoe doeltreffender dit werk, hoe 'n groter bedreiging dit is vir vrye konstitusionele regering.** Dit behels die prysgewing van onafhanklikheid ten gunste van 'n besluit wat die resultaat is van onvolkome bespreking. 'n Debat in die geheim deur een party kan nooit so voorligtend wees as 'n bespreking deur alle partye oor die vloer van die Huis nie. 'n Stelsel waar gevolgtrekkings in die koukus gemaak word wat dan outomaties geregistreer word deur die Huis, is in teenstelling met die gees van parlementêre regering. **En daar is praktiese besware ook; soos Bryce aangetoon het, die meerderheid van 'n meerderheid mag wel 'n minderheid in die Huis wees. En 'n goedgedrilde koukus, onder die druk van beheer van buite, of die invloed van klas of rassegevoel, mag 'n gevaar vir die staat word.**

### PARLEMENT TEENOOR REPUBLIEK

„Die stryd tussen konstitusionalisme en republikanisme nader stadig. En diegene wat dominiale onafhanklikheid verkies onder 'n koning wat heers, maar nie regeer nie, teenoor onafhanklikheid onder 'n politiekgekose president wat oor groot uitvoerende mag beskik, diegene wat waarde heg aan lidmaatskap van die Britse Statebond, behoort noukeurige en tydige aandag te gee aan die kwessie van die koukus. **Want enigiets wat die parlementêre regering in onguns bring, is water op die republikeinse meule."**

### GEEN VRYE MENING

Die skrywer verklaar dat Sauer en Merriman verskillend gereageer het op die instelling waarvan hulle nie gehou het nie. „Eersgenoemde wat die koukus beskou het as 'n onvermydelike uitmonding van demokrasie, het besluit om die beste daarvan te maak. Sy taktiese bekwaamheid en sy politieke insig het hom 'n krag gemaak op die geheime vergaderings van die party, maar hy het nooit van die koukus gehou nie. **Merriman het dit gehaat en was nooit daar tuis nie; gedeeltelik omdat hy die gees daar onaangenaam gevind het, maar hoofsaaklik omdat dit ingemeng het met die vryheid van die individuele oordeel wat aan die gesamentlike besluit van die huis in sy oë die spesiale waarde gegee het. Hy het tot die einde toe 'n teenstander gebly van die masjien."**

K94



*ná die*

***BOULSPEL . .***

Laat K.W.V.-Eau de Cologne gou weer vir u die kalme gelatenheid skep wat persoonlike frisheid meebring. En om u te streel en met 'n fyn geurigheid te omring — K.W.V.-laventel.

**KWV**

***-Eau de Cologne***

EN

***-Laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

# TRUMAN LY ONDANKS PARTYMEERDERHEID NEDERLAAG

**Pres. Harry Truman is die afgelope week met 'n groot meerderheid in die senaat verslaan toe die Arbeidswetsontwerp, wat hy beveg het, met 'n meerderheid van 51 teenoor 42 aangeneem is. Dit is interessant om daarop te let dat pres. Truman se party oor 'n meerderheid van elf in die senaat beskik, en dat ondanks hierdie feit hy tog 'n nederlaag kan ly — iets wat in die Britse parlementêre stelsel nie sonder 'n krisis kan gebeur nie. Die republikeinse stelsel met sy presidensiële gesag maak dit dus in daardie land tot 'n groot mate moontlik vir volksverteenwoordigers om ooreenkomstig hul oortuiging te stem.**

Die wetsontwerp bevat in hoofsaak dieselfde beginsels as die veel gewraakte Taft-Hartley-wet wat die arbeiders nie wil hê nie en wat die president beloof het om te herroep.

Die Taft-Hartley-wet verbied die geslote geledere-beginsel, beveel dat vakbonde moet vermeld of hul amptenare kommuniste is en verbied hulle om geld vir politieke doeleindes aan te wend.

Truman het aan persmanne gesê dat hy sal voortgaan om die wetsontwerp te beveg. Dit is nie seker of hy die wetsontwerp sal veto nie.

# Wil Simsons Se Haarlokke Knip

Van ampsweë word daar tans in Amerika pogings aangewend om 'n einde te maak aan die g r o o t nywerheidsmonopolieë soos o.a. belliggaam in die Du Pont-nywerheidskoninkryk.

Die prokureur-generaal van Amerika, Tom Clark, het die afgelope week 'n saak by die hof aanhangig gemaak onder die anti-trust-wette van Amerika. Onder die belangrikste eise wat in die versoekskrif gemeld word, is dat die belange van die Du Pont Nemours-maatskappy geskei moet word van General Motors Corporation.

**Clark het verklaar dat dit 'n poging is om die saamgetrekte nywerheidsmag in Amerika te verbreek. Die groei van maatskappye soos General Motors, Du Pont en United States Rubber, sodat hulle vandag die hele mark domineer, is die oorsaak dat baie besighede verdwyn het en die wat oorgebly het, baie agteruit gegaan het, het hy gesê.**

Indien die saak slaag, sal dit aan kleiner besighede die geleentheid bied om op 'n billike basis met die ander mee te ding.

# STANDPUNT TEENOOR KOMMUNISTE

**„Dit is hoog tyd dat die Kommuniste besef dat hulle op geen voordele in hierdie land geregtig is nie en hoe gouer hulle tot daardie insig kom, hoe beter. Dit is nie die regering se plan om die Kommuniste met handskoene te beveg nie," het die Minister van Binnelandse Sake verklaar toe hy sy beleid ten opsigte van paspoorte verdedig het.**

Paspoorte is 'n voorreg en nie 'n reg nie en die intrekking daarvan berus geheel en al by die diskresie van die minister. Dit is deur die hof buite alle twyfel bevestig. By uitreiking word elke geval na verdienste behandel en die regering gaan van die standpunt uit dat hy nie bereid is om 'n paspoort aan 'n burger uit te reik wat na die beste van sy wete van die beskerming wat die paspoort verleen, sal gebruik maak om die staat in die buiteland aan te val nie.

Op 'n vraag van 'n opposisiesenator waarom die Kommuniste nie in die ban gedoen word nie, het die minister gesê dat sulke stappe beoog word, maar dit nog nie moontlik is om vas te stel of die voordele daarvan teen die nadele gaan opweeg nie.

# Verskuiwing Uit Unie Na Twee Rhodesiës

**Daar is vandag een van die grootste noordwaartse bewegings aan die gang in die jongste geskiedenis van die ontwikkeling van Afrika. Hierdie trek is na Noord- en Suid-Rhodesië. Dit is nie alleen Unie-burgers wat tot 450 per maand na Noord-Rhodesië trek nie, maar ook inwoners van Suid-Rhodesië. Verskeie vooraanstaande boere, hoofsaaklik tabakboere het reeds daarheen vertrek of maak hulle gereed om daarheen te gaan, na Die Volksgenoot berig.**

Die vernaamste aantrekkingskrag is natuurlik goedkoop grond. Plase kan in Noord-Rhodesië op 'n 99-jarige of 999-jarige stelsel gehuur word teen 'n pennie per acre per jaar. Daar in die omtrek van Lusaka, Broken Hill en Fort Jameson is van die vrugbaarste plase in die hele noordelike dele van Suid-Afrika. Daar is boere wat tot tien duisend sak mielies per jaar wen en die prys is vandag £1 7s. 6d. per sak. Daar is ook puik tabakgrond en verskeie boere lê hulle daarop toe. Die gebied rondom Fort Jameson is al lank bekend as 'n uitstekende tabakwêreld.

Die toestroming na Noord-Rhodesië is so groot dat die owerheid al onrustig begin word het. Die instroming word nietemin baie waardeer deur die ou inwoners.

### VERSTERKING

Hulle sien in die nuwe intrekkers versterking van die blanke bevolking van die land.

Dit is ook nie net bees-, mielie- of tabakboere wat hul toevlug na Noord-Rhodesië neem nie, maar ook werkers. Die Noord-Rhodesiese regering word vir elke advertensie wat hy in die Unie plaas, oorstroom met antwoorde van jongmanne wat daarheen wil verhuis.

**Die Afrikaanse gemeenskap rondom Lusaka is besonder sterk en vooruitstrewend. Hulle het reeds 'n Afrikaner in die wetgewende raad wat hulle daar verteenwoordig. In die meeste winkels en besighede word Afrikaans gebesig asook in die poskantoor. Daar is 'n sterk gemeente van die Ned. Geref. Kerk en die moontlikheid bestaan dat Broken Hill eersdaags van Lusaka sal afstig.**

### NA SUID-RHODESIË

**Inmiddels stroom Unie-burgers ook op groot skaal na Suid-Rhodesië. Die jongste syfers — dié vir April — toon aan dat Suid-Rhodesi, meer immigrante van die Unie af kry as van die Verenigde Koninkryk.**

Van 907 immigrante wat gedurende daardie maand aangekom het, het 526 Suid-Afrika aangedui as hul laaste permanente verblyfplek, teenoor 381 wat afkomstig van Brittanje is.

Gedurende die tydperk Januarie tot April het die gebied 4,561 immigrante, waarvan 2,000 uit die Unie afkomstig is, ryker geword.

G 24029




**Rook SPRINGBOK Medium**

DIE GELUKKIGE KEUSE

# BRITTE RAAK VERONTRUS OOR DUITSE HANDEL

## BETER EN GOEDKOPER WARE OP WÊRELDMARK

**Britse handelsbelange is baie begaan oor die feit dat die Duitse uitvoerhandel nou weer op die been kom omdat dit vir hulle net soos voor die oorlog weer 'n bedreiging word. Nie alleen was Duitsland in staat om weens die hoogstaande gehalte van sy produkte die Britse uitvoerhandel 'n gevoelige slag toe te dien nie, maar ten opsigte van baie produkte het die Britse uitvoerhandel tot stilstand gekom. Om hierdie handelsmededinging die nek in te slaan was een van die groot motiewe waarom die oorlog gevoer is en waarom Duitse fabrieke tot op hierdie oomblik nog steeds afgetakel word.**

**Berigte in die Engelse pers verklaar dat Britse nyweraars onthuts is oor die snelheid waarmee die Duitse uitvoerhandel toeneem en as dit teen hierdie tempo voortgaan, sê hulle, sal dit vir Brittanje en die V.S.A. se uitvoerhandel 'n gevoelige slag wees. Dit is dan ook hierdie onthutste nyweraars wat tot 'n groot mate agter die aftakelingsplan sit.**

Die Duitse uitvoerhandel (Westelike gebiede alleen) is vandag drie maal soveel as verlede jaar en gedurende die eerste drie maande van hierdie jaar is goedere ter waarde van £60,000,000 uitgevoer. Verlede jaar is daar gedurende dieselfde tyd slegs £21,000,000 se goedere uitgevoer, terwyl dit vir die hele 1947 nie eers £60 miljoen was nie. Die Duitsers se doelwit is om hierdie jaar goedere ter waarde van £125,000,000 uit te voer.

### GOEDKOPER

**Die saak waaroor Brittanje veral verontrus is, is die feit dat die Duitsers weens die vervalle ekonomie van die land in staat is om goedere baie goedkoper te kan lewer as Brittanje omdat die lone in Duitsland omtrent 50 persent laer is as in Brittanje, en die Duitser baie hardwerkender is.**

Daarby is die goed ontwikkelde vervoergeriewe in Duitsland, veral die waterverkeer, oorsaak dat vervoerkoste baie laer is as in Brittanje.

Duitse masjinerie, soortgelyk aan die wat Brittanje vervaardig, is van 25 tot 40 persent goedkoper as waarvoor Brittanje dit lewer.

### MOTORS

**Die verkoop van die gewilde Duitse Volkswagen (motorkar) is besig om die Britse uitvoerhandel in klein motortjies te verdring. Veral is dit die geval in Switserland.** Dit word verwag dat Duitsland vanjaar 90,000 passasiersmotors sal vervaardig sowat 60,000 vragmotors en ongeveer 30,000 busse. Die fabriek wat die Volkswagen vervaardig is van plan om 40,000 vanjaar te produseer en sowat 12,000 hiervan uit te voer. Twee jaar gelede was die syfer maar 1,000. Hierdie motors kos ongeveer £450 stuk. Ook die Opelwerke is van plan om hul produksie aansienlik op te skuif.

### SKANDINAWIË

Duitsland wend alle pogings aan om Skandinawië weer te herwin as 'n afsetgebied. Voor die oorlog het hy jaarliks £30,000,000 se goedere aan die Skandinawiese lande gelewer. Hy is reeds in staat om baie soorte masjinerie wat Brittanje aan Swede verkoop, teen laer pryse aan Swede aan te bied. Swede sal vanjaar lokomotiewe ter waarde van £270,000 van Duitsland koop. Daarby maak die ooreenkoms tussen die twee lande voorsiening vir handel ter waarde van £15,000,000 asook 'n addisionele £800,000 vir kameras, ens.

# Brittanje Roep Hulp In Van Dominiums

**Die vraag of Suid-Afrikaanse belange weereens opgeoffer gaan word aan dié van Brittanje wat op die oomblik in die grootste ekonomiese krisis van sy bestaan verkeer, word tans in wye kringe gevra na aanleiding van berigte uit Londen en die feit dat die Britse regering die ministers van Finansies van die Statebondslande versoek het om na Londen te kom. Veelbetekend berig Sapa uit Londen: „Die Statebondslande kan in die lig van hierdie feite moontlik gevra word presies in watter mate hulle bereid is om tot die Britte se hulp te kom."**

Die krisis in Brittanje is geen nuwe nie maar het nou 'n stadium verder gevorder sodat die hulp van die dominiums ingeroep word om Engeland bo die water te hou omdat hy, nieteenstaande die reuse hulp wat hy van Amerika ontvang het, nie meer in staat is om dit te doen nie. Veral omdat sy goedere veel duurder is as dié van Kanada en Amerika, het die Britse uitvoerpoging om die dollartekort te bowe te kom, misluk.

In Suid-Afrika word daar op die oomblik nog 'n amptelike stilswye bewaar, maar Londen berig dat mnr. N. C. Havenga vroeg hierdie maand in Londen sal aankom. En dat Suid-Afrika as die land met sy reuse goudproduksie sal 'n besondere belangrike rol kan speel op hierdie konferensie.

### BRITSE BANDE

In die verlede is die Uniebelange altyd ondergeskik gestel aan dié van Brittanje. **Ons het ons goud spotgoedkoop aan Brittanje verkwansel sodat hy in Amerika kan koop en ons het dan van Brittanje gekoop sodat die Britte 'n afsetgebied kan hê. Die Unie was hiertoe verplig omdat hy as Statebondsland gebonde is aan Brittanje en die Britse ekonomie.**

Dit is vanweë hierdie ekonomiese bande met Brittanje wat Suid-Afrika gedurig in Britse moeilikhede insleep, dat die die Ossewabrandwag nie te vinde is vir 'n republiek binne die Statebond of Ryk nie. **Alleen wanneer ons los van die Britse Ryk staan en daar geen ekonomiese bande is wat ons bind nie, kan daar objektief gehandel word.**

(Sien ons Hoofartikel)

# WIT KAPTEINSVROU BEDREIGING VIR RASSESUIWERHEID

**Sterk afkeuring oor die feit dat die Bamangwato's van Betsjoeanaland ingestem het om Seretse Khama as opperhoof te aanvaar ten spyte van die feit dat hy sy stamtradisies verbreek het deur met 'n witvrou te trou, word uitgespreek in 'n verklaring wat SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) uitgereik het. Amptelike goedkeuring hieraan deur die Britse owerheid sal rassevermenging regstreeks aanmoedig en bevorder, word verklaar. Die verklaring lui:**

„Ons wil nie ingaan op die oorwegings wat die Bamangwato tot die besluit laat kom het om Seretse Khama as hul opperhoof te erken nie. Ons wil egter nadruklik verklaar dat die volk van Suid-Afrika en sy regering nie onverskillig kan toesien dat gebeurtenisse van hierdie aard plaasvind in 'n gebied op die Unie se grense, wat ekonomies en andersins werklik 'n deel van die Unie uitmaak nie.

„As die Britse Administrasie die besluit van die Bamangwato goedkeur, sal dit regstreeks bots met die nasionale beleid van die Unie."

Die verklaring voeg by: „Amptelike goedkeuring van Seretse se algehele veronagsaming van sy stamtradisies en belange, sal die ernstige vraagstukke skep vir Betsjoeanaland en die Unie ten opsigte van laasgenoemde se eie naturellebevolking.

„Die goedkeuring van hierdie stap sal regstreekse aanmoediging van bevordering van rassevermenging wees, en laat die moontlikheid ontstaan dat die toekomstige opperhoofskap van die Tswana in die hande van 'n bastergeslag kan kom — 'n toestand van sake wat noodwendig invloed op die ander Bantoerasse moet uitoefen.

„Ons neem aan dat die Suid-Afrikaanse Regering sy invloed in hierdie saak sal laat geld, en dat finaliteit so gou moontlik bereik sal word in verband met die protektorate en die toepassing van 'n eenvormige beleid ten opsigte van die Bantoevolke in Suidelike Afrika."

Die verklaring is deur prof. B. I. C. van Eeden namens die Uitvoerende Bestuur van Sabra onderteken.

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

# ITALIANERS HUNK NA MUSSOLINI TERUG

**'n Nuwe Italiaanse beweging wat deur die Britse pers as fascisties beskryf word en onder die naam Sosiale Beweging gaan, het so pas in Rome sy tweede kongres gehou wat deur 600 afgevaardigdes en dubbeld soveel belangstellendes bygewoon is. Die leier van die beweging is 'n Italianer, Filosa, wie se parlementêre mandaat onlangs herroep is op grond van sy fascistiese verlede.**

**'n Korrespondent van 'n Londense blad verklaar dat Filosa op dieselfde manier as Mussolini sy gehoor hanteer en dat hy voortdurend luid toegejuig is.**

Die sekretaris van die beweging is 'n jong Italianer, Almirante. Op die kongres het hy verklaar: „Ons oorwinnings is wonderlik. Die eerste was tydens die algemene verkiesing, daarna in Sardinië en toe in Triëste.

„Ons is nie 'n massa nie, maar 'n beweging van die jeug en 'n suurdeeg wat rys. Hulle kan ons nie nou meer keer nie."

Luide toejuiging het losgebars toe die Almirante die advokate bedank het wat 'n aantal hofsake ten behoewe van die beweging gratis verdedig het.

### NASIONAAL

**Die beweging het nou 2,283 takke dwarsdeur Italië en hy beskik oor vyf weekblaaie. Hulle beywer hulle tans vir 'n dagblad. Jong manne wat aanwesig was is besiel deur die woorde van die sekretaris dat „die jeug na die beweging stroom vanweë die nasionalisme daarvan na die vier jaar waarin Italië se naam deur die modder gesleep is".** Baie welgeklede persone het die verrigtinge bygewoon.

### POLISIE

**Die kongres was onder die voortdurende toesig van die polisie wat in een geval 'n spreker in hegtenis geneem het omdat hy iets goeds van Mussolini gesê het. Die wet verbied dat enigiets ter verdediging van Mussolini se beleid gesê mag word.**

Tot watter mate daar vrees vir die Geallieerdes bestaan blyk uit die volgende: 'n Onderwyseres het in 'n toespraak gekla oor die skole wat „geruïneer" word deur Amerikaanse invloede. Die voorsitter het haar gevra om versigtig te wees met die oog op die teenwoordigheid van die polisie.

**Die Italianers het ook kort gelede die dood van Mussolini op waardige wyse herdenk. Dwarsdeur die land het verskeie kerke die mis bedien en gebid vir die siel van die ontslape leier. Ter ere van die Italiaanse soldate wat saam met die Duitsers gesneuwel het, is die fascistiese saluut gegee.**


TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS

HOOFKANTOOR: DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"

AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN





Heferleerling Jannie Vermeulen.

Stoere Manlikheid kan u ook verkry

Skryf aan:

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ....................

Adres: ....................

Ouderdom: ....................

O.B. 25/5/49.

DIE O.B., WOENSDAG, 6 JULIE 1949

# BRITTANJE SE NOOD

Volgens aankondiging in die pers is die dominiums in die persoon van hul ministers van finansies na Londen deur die Britse regering ontbied in verband met Engeland se geldelike krisis. Ook Suid-Afrika sal verteenwoordig wees in die samesprekings wat waarskynlik 'n paar weke lank sal duur. **Daar is dan ook sprake dat die Unie miskien gevra sal word om sy goud tot beskikking van Brittanje te stel ter leniging van laasgenoemde se dollar-nood.** Met alles nog heel vaag is dit natuurlik nie moontlik om nou al kritiek uit te oefen op die besonderhede van hulpverlening aan die kranke Brittanje nie, maar waar daar al dadelik 'n beroep gedoen word op die dogters van die Empire — deur dr. Malan genoem die „sustervolke van die Statebond" — om by te spring wanneer Engeland in die modder gly wat hy vir 'n groot deel self berei het en nog besig is om te berei, is dit wel nuttig om by hierdie geleentheid 'n paar gedagtes in die algemeen uit te spreek.

Daar sal wel allerlei teorieë na vore gebring kan word omtrent die oorsprong en wese van die Britse krisis, maar 'n paar faktore sal deur die volk van Suid-Afrika in aanmerking geneem moet word alvorens hy besluit om van sy kant opofferings in belang van Brittanje te doen. **Die eerste is dat Brittanje self verantwoordelik is vir die toestand waarin die wêreld vandag is. Dit was veral hy wat geen begrip wou toon vir die nuwe ekonomiese gedagte wat in Duitsland ontwikkel het onder leiding van Adolf Hitler nie, waarvolgens Europa tot 'n selfstandige eenheid van verskillende nasionale state moes groei — iets wat vandag deur die oorwinnaars op hul manier ook nagestrewe word, maar met behoud van hul verouderde kapitalistiese opvattings.** Dit was hierdie verset teen die Duitse alternatief wat uiteindelik tot die Britse oorlogsverklaring en die na-oorlogse verwoesting van Duitsland gelei het. **Op hierdie stadium nog is Brittanje besig om Duitsland, die hart van Europa, lam te lê met die aftakeling van belangrike nywerhede.** Nog steeds agtervolg deur sy gewete, kan Brittanje in Duitsland, wat onder Hitler uit sy pad wou gaan om Britse samewerking te verkry, niks anders as 'n potensiële vyand op militêre en ekonomiese gebied sien nie. **En om hierdie potensiële vyand onder te hou, is hy stelselmatig besig om met die voorwendsel van 'n „gegewe woord" aan die Vrybuiter Stalin, Duitsland ekonomies te plunder.** Dit is 'n punt wat in gedagte gehou moet word by enige bespreking van die Britse geldelike krisis.

## EUROPA AS MEDEDINGER

**Brittanje is in die eerste plaas aangewys op Europese samewerking, maar in plaas van dit te doen, wil hy sy eertydse kolonies in ander wêrelddele opkommandeer om hom geldelik te dra onderwyl hy aan die anderkant besig is om Europa vlak langs hom in onmag te dompel.**

Ons wil ten sterkste beklemtoon dat solank Brittanje 'n Empire het — onder watter mooiklinkende naam ookal — wat te enigertyd maar te gereed is om die ou kranke moeder op die hande te dra, **solank sal Brittanje Europa in terme van mededinging in plaas van samewerking benader.** Europa was vir Engeland nog altyd 'n mededinger wat ondergesit moes word met die berugte beleid van magsewewig — die beleid om Europa in twee strydende kampe verdeel te hou met Brittanje as die deurslaggewende faktor wat gewoonlik bepaal het wanneer 'n oorlog weer moet uitbreek ter herstelling van die „ewewig". **In hierdie stryd was die kolonies Brittanje se Archimedespunt. Vandaar dan ook sy ywer om te verhoed dat 'n ander Europese moondheid groter vastrapplek in ander wêrelddele kry as hy.**

## STOOT HOM AF

**As Suid-Afrika 'n taak in die oplossing van Brittanje se huidige moeilikhede het, behoort dit daarin te lê dat hy Brittanje afstoot van sy ou begrippe van mededinging met Europa, en as hy dit nie met mooi woorde kan regkry nie, moet hy Brittanje tot beter insigte dwing deur onthouding van enige kunsmatige hulpverlening.**

Suid-Afrika se taak is om 'n eie ekonomiese eenheid in Afrika op te bou. **Sy kragte moet vir hierdie doel aangewend word en nie vir die onderstutting van afgeleefde begrippe in die aandland nie.** Maar ons vrees dat solank ons ingeskakel bly by die Britse Ryk met wie ons graag „gemeenskaplike belange" wil handhaaf, solank sal Suid-Afrika maar ewe goedig aangeloop moet kom met sy arms vol goud om Brittanje te ondersteun onderwyl laasgenoemde besig is om ekonomiese middele 'n paar honderd myl van hom af te vernietig op grond van oorgeërfde haat en jaloesie.

'n Verdere punt om in gedagte te hou is die afgeleefde politieke instelling in Brittanje, waar die parlementarisme met sy gespesialiseerde belofte-tegniek besig is om van die Britte 'n volk van leeglêers te maak. **Arbeid word nie meer na waarde geskat nie. Dit word voorgestel as 'n las wat op georganiseerde skaal tot 'n minimum beperk moet word. Hoër lone gaan gepaard met minder ure, met die gevolg dat Brittanje nie met ander lande waar daar nog gewerk word terwille van die arbeid self, op 'n ope wêreldmark kan meeding nie. Daarvoor is sy pryse veels te hoog.**

(*vervolg in volgende kolom*)

(*vervolg van vorige kolom*)

**As Suid-Afrika dus opgeroep word om sy „susterlike" hulp te verleen, moet die volk van Suid-Afrika in gedagte hou dat ons ons betaalmiddele sal moet inruil vir duur goedere in Engeland, waardeur ons belet sal word om goedkoper te koop in lande waar mense nog verkies om te werk vir 'n bestaan.**

## *Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (8)*

# Geen Plek Vir Partye In Presidensiële Stelsel

**In ons vorige artikel het ons beklemtoon dat deur die nuwe stelsel waarin daar skeiding gemaak word tussen die staatsbestuur of regering en die volksverteenwoordiging, die vernaamste dryfkrag uit 'n party se seile geneem sal word. Sy lede in die volksraad het dan nie meer nodig om „rotsvas" vir hul party te stem in alle sake, goed of sleg nie. Die groter vryheid sal dan vanself ook groter verantwoordelikheid meebring.**

Maar nou kom ons by die vraag wat van die president? As die partye hulle nou op die presidentsverkiesing gaan toespits in plaas van op die volksraadslede ter verowering van die bewind, kry mens mos weer dieselfde toestand, en sal volksraadslede tog maar weer met alles saamstem wat die president voorstel, terwyl die teenparty se mense in alles sal verskil?

**Daar sal dadelik al een belangrike verskil wees ten opsigte van die huidige stelsel, en dit is dat die president as staatshoof 'n waardiger posisie inneem as 'n eerste minister wat tog maar deur almal nog as 'n politikus beskou word wat gedurig moet maneuvreer teen aanvalstaktieke van die opposisieparty.**

### WORD ONPARTYDIG

**Hierdie waardiger posisie bring groter verantwoordelikheid mee.** Ons vind dit reeds in groot mate by ons provinsiale stelsel waar die administrateur dikwels uit die partygeledere benoem word, maar sodra hy in sy amp is, skyn dit of hy 'n metamorfose ondergaan het. **Hy is nie meer herkenbaar aan sy vorige gedrag nie. Die partypolitikus word skielik verantwoordelike staatsman wat met seldsame onpartydigheid standpunt inneem.** Hoewel dr. Nicol byvoorbeeld geen partypolitikus was nie maar nogtans op grond van sy ondersteuning van die H.N.P. tot administrateur van die Transvaal benoem is, het hy so 'n onpartydige standpunt begin inneem en dit selfs uitdruklik aangekondig, dat Die Transvaler hom kort gelede die sagte verwyt gemaak het dat hy op 'n „hibridiese" beleid afstuur. **En toe kapt. Joubert 'n aantal jare gelede as Kaaplandse administrateur oorlede is, het Die Burger beklemtoon dat hy op verrassende wyse die provinsie se belange voorop gestel het — iets wat by sy aanstelling nooit van hom verwag is nie.**

By sy heengaan het die blad geskryf: „Daardie benoeming, laat ons dit onomwonde sê, is nie met algemene byval begroet nie. Ewe ruiterlik kan ons daarby voeg dat sy heengaan as dié van 'n gewilde administrateur opreg betreur word en sal word ook deur diegene wat met sy benoeming nie ingenome was nie. **Want kapt. Joubert het daardie kritici verras en aangenaam verras, en wel onder die allermoeilikste omstandighede."**

### GEEN KOUKUS

Ons meen dus dat die blote status van presidentskap reeds 'n sterk remmende faktor aan die partypolitieke euwel sal wees. **Hierdie rem sal nog versterk word deur die feit dat die president geen koukus sal kan hou met sy volksverteenwoordigers nie.** Indien hy dit self nie as benede sy waardigheid sal beskou nie, kan in die grondwet uitdruklik voorsiening daarvoor gemaak word ten einde dit in ooreenstemming te bring met die bepaling wat skeiding maak tussen die regering en die volksraad. Voeg hierby die reeds genoemde stelling dat volksraadslede by afwesigheid van 'n koukus-diktatuur versigtiger sal moet wees ten opsigte van hul standpunt waarvoor hulle nou self verantwoording by hul kiesers sal moet doen, en daar sal besef word dat die volksraadslid, of hy aanhanger van die president se party is of nie, sy enigste geleentheid vir kritiek binne die volksraad sal kry. **Bly hy daar stil of praat hy die president daar na, sal hy nie aan sy kiesers kan vertel dat hy wel binne die koukus sy bes gedoen het, maar dat die meerderheid hom oorstem het nie.**

### GEEN GEREKTE STRYD

Die partystryd sal dus vir 'n groot deel ná die verkiesing bedaar en sake sal tot 'n hoë mate op verdienste behandel kan word — **anders as vandag waar die party-oorlog een strook deur voortgesit word binne of buite die parlement, voor of na 'n verkiesing.**

Dit op sigself behoort al so 'n heilsame toestand te wees in vergelyking met die kleinlike en tot onmagdwingende geskarrel van die huidige stelsel dat niemand so 'n verandering behoort teen te staan nie. Maar as bewind word dat so 'n verandering op sigself nog nie die gewenste uitwerking het nie, kan bepaalde stappe gedoen word om dit wel teweeg te bring — en in sekere opsigte meen ons dat dit in elk geval nodig sal wees om beperkinge op party-bedrywigheid te stel.

### RIGTINGS GEOORLOOF

**Maar laat ons baie duidelik onderskei tussen politieke partye en politieke rigtings. Niemand het die reg om 'n politieke rigting wat in ooreenstemming met die land se onafhanklikheid is, te verbied nie. Vrye mening in hierdie opsig moet eerbiedig word.** Rigtings soos die kommunisme of enige ander vorm van imperialisme, moet egter as synde in stryd met die onafhanklikheid van die land verbied word. Die beginsel is 'n erkende wat in sekere omstandighede selfs met die doodstraf gehandhaaf word.

**Maar as daar byvoorbeeld 'n groep in die volk is wat hulle wil beywer vir 'n sekere onderwysstelsel of ekonomiese beleid, het so 'n groep die volle reg om vir so 'n beleid propaganda te maak en selfs 'n organisasie vir die bevordering daarvan te stig. Dit op sigself is geen partyvorming nie, net soos die verenigings in die Suid-Afrikaanse Republiek wat hulle vir beter samewerking tussen burgers en uitlanders wou beywer het, geen partye was nie.**

### PARTYE

'n Organisasie word 'n politieke party wanneer hy as organisasie die bewind wil verower en vir die doel verkiesings organiseer en kandidate benoem. **So-iets was in die Republiek sedert 1893 deur wetgewing belet. Geen kandidaat is toegelaat om die hulp van 'n verkiesingskomitee in te roep of om persone van buite sy wyk vir bevordering van sy kandidatuur te gebruik nie. Daarmee is die partystelsel in die kiem gesmoor.** Die meeste wat 'n „party" — as bestaande organisasies van toe so genoem mag word — kon doen, was om propaganda te maak vir die ideale of beginsels waarvoor hulle staan en dit dan aan die kiesers oor te laat om kandidate te kies wat vir daardie beginsels onder andere sal ywer. Daarmee kan nie fout gevind word nie, solank die propaganda op waardige wyse geskied — iets wat ook nie altyd die geval in die Republiek was nie. Van die nuwelinge wat behep was met die partygees van die Kolonie het soms baie onwaardige dinge in die pers van die volksleiers gesê. Dit sal dus tog ook nodig mag wees om stappe te doen om die onbeheerste propaganda binne die perke van fatsoenlikheid te hou. Daarvoor hoef nie revolusionêre maatreëls getref te word nie — trouens 'n bietjie dissipline in hierdie opsig kan reeds baie daartoe bydra om die partystelsel minder ondraaglik te maak sonder dat beskuldigings van diktatuur ingebring kan word. **So iets is so pas in Holland aanhangig gemaak waarvolgens koerante en redakteurs onder strenge selftug geplaas word.**

---

## *INTEKENAAR VAN BETHAL*

Van 'n intekenaar uit Bethal het Voorslag 'n poswissel van 12/6 ontvang sonder vermelding van naam of adres. Aangesien daar 'n groot aantal intekenare in daardie omgewing is, kan die afsender nie opgespoor word nie. Hy word dus vriendelik versoek om sy naam en adres so gou moontlik aan te stuur.

---

## SPOORBOND AMPTELIK ERKEN

Die regering het, na 'n jaar van onderhandeling, besluit om Spoorbond te erken as 'n liggaam van spoorwegamptenare.

Die vorige regering het die erkenning aan Spoorbond gedurende die oorlogsjare teruggetrek. Sedertdien het die liggaam 'n altyd 'n stryd gevoer om erkenning.

# Regering Moet Vir Altyd Kan Nasionaal Bly

**„Die Ossewabrandwag stry op twee terreine. Hy veg vir sy beginsels en ideale aan die een kant en vir sy bestaansreg aan die anderkant, en dit is veral laasgenoemde wat die stryd meer akuut maak en die grootste vyandskap teen die O.B. veroorsaak," het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van Wes-Kaapland, op 27 Junie in die Kerksaal, Bellville, verklaar.**

Mense gee nie om as jy praat van jou beginsels nie, maar as dit kom by die erkenning daarvan, veroorsaak dit botsing. Of mense nou wil of nie hulle sal moet erkenning gee aan die beginsels van die Ossewabrandwag sodat dit praktiese deel sal wees van ons volkslewe.

Die Ossewabrandwag sal veg vir sy plek in die son en het net soveel reg op bestaan in Suid-Afrika as die berge en riviere van ons bodem. Die H.N.P. sê hulle erken ons nie. As jy 'n O.B. is word jy uit die parlement en alle moontlike rade gehou. Hulle wil jou nie aanvaar nie, want dan erken hulle jou bestaansreg.

### AFR.-PARTY

In verband met die stryd om bestaansreg en erkenning het genl. Laubscher verwys na die verhouding tussen die Afrikanerparty en die O.B. Mnr. Havenga is die eerste politieke leier wat die O.B. as sodanig erken en wat toelaat dat O.B.-lede sonder aflegging van hul beginsels by sy party aansluit. Hierdeur het die O.B. daarin geslaag om uit sy isolasie te kom en gehoop om 'n breër volksfront daar te stel en om deur middel van die A.P. deel te neem in die politieke stryd.

Gaan hierdie isolasie waarin die H.N.P. ons wil druk, voortduur het die spr. gevra. Ons staan met 'n baie sterk bondgenoot aan ons sy en die H.N.P. sal ons moet erken. Mnr. Havenga sal nie met die H.N.P. amalgameer solank daar nog teen O.B.-lede, mense van sy party, gediskrimineer word nie. **Die O.B. is enige tyd bereid om saam te werk as sy lede erken word as volwaardige Afrikaners met die reg om hul beginsels te propageer.**

### STRYD DUUR VOORT

Daar is berigte dat die O.B. sou wil ontbind. Natuurlik wil die vyande dit baie graag hê. Dan is al die duisendes sonder tuiste en die wolwe sal kan maak wat hulle wil. Feit is egter dat die O.B. nie sal ontbind nie. Dit hang net af wie se senuwees dit die langste kan hou. Die O.B. se senuwees sal nie ingee nie. Kampe en tronke kon dit nie doen nie en hy sal staande bly. Die stryd sal voortduur. Dit sal slegs volharding van elke brandwag en offisier verg.

Waarom wil die O.B. bly voortbestaan? In Suid-Afrika het ons 'n Republikeinse siel en 'n Empire-siel. En die regering van die land kan òf die een òf die ander wees. Daarby hou die huidige stelsel in dat die regering van vandag die opposisie van môre is. In Suid-Afrika is hierdie stelsel noodlottig. **'n Nasionale regering kan nooit altyd aan bewind bly nie. Daar is gedurig 'n stryd waarin die een die ander periodiek afwissel, en elke keer moet daar van voor af begin word.**

### NASIONALE BEWIND BESTENDIG

**Hieraan wil die O.B. 'n einde maak en dit is sy taak om bestendigheid in die volkslewe te bring. Ons is nie tevrede om so voort te gaan nie, want daardeur word niks bereik nie. En sodra dit gedoen is, sal daar altyd 'n nasionale regering aan bewind wees. Hierdie taak gee die O.B. al genoeg bestaansreg.**

Ons het nog geen ekonomiese vryheid nie en is gedurig afhanklik van buitelandse geldmagte. Hieraan wil die O.B. ook 'n einde maak.

Telkens word die volk se ideale afgewater vir tydelike voordeel en op die lang baan geskuif. Dr. Malan het in Londen die republikeinse ideaal vervals deur hom bereid te verklaar vir 'n republiek binne die Britse Ryk. Moet dit so aangaan of is dit nodig dat 'n stadium bereik word wanneer ons iets blywends sal kry? **Dit is die taak van die Ossewabrandwag om 'n vrye en onafhanklike republiek los van die Britse ryk daar te stel — of wil ons dan altyd deel van die Britse Ryk bly?**

Daarom is die lewe van die Ossewabrandwag so lank as die lewe van die Afrikanervolk. So lank ons nog nie is wat ons wil wees nie, solank sal die O.B. bly voortbestaan.

Die vergadering is gelei deur hfgenl. J. de Vos.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# O.B. MOET VOORTSTRY

Ek is baie bly en ook trots op die besluit van ons K.G. om vas te staan by die O.B. Janee, wat my betref sal ek op die wa bly sit tot ek alleen agterbly en dan sal ek stil voor die wiel afgly sodat ek nie die einde van die O.B. mag aanskou nie maar in die laaste loopgraaf sterf, soos 'n groot man eens gesê het. Alle heil en voorspoed vir K.G. en O.B.'s van 'n opregte en volbloed O.B.

Ek stuur 25/6 vir twee jaar se intekengeld op die O.B., daar ek tog nie een uitgawe wil mis nie.

Mev. W. M. v. Rensburg.

# Immigrante Gee Deurslag

Die Liberale Party in Kanada het die parlementêre verkiesing gewen met die grootste meerderheid in die land se geskiedenis. Hulle het nie minder as 193 setels verower nie. Die Party wat na hulle kom, die Progressiewe Konserwatiewes, het slegs 42 verower.

Voor die verkiesing is verklaar dat die 100,000 rou Britse immigrante, wat hoewel hulle nog nie burgers is nie, die reg het om te stem, die deurslag sal gee. Hierdie voorspelling is skynbaar bewaarheid.

# Vlieë Kweek Taaier Geslag: Bestand Teen D.D.T.

**Waarnemings in Brittanje het aan die lig gebring dat die gewone huisvlieg wat aanvanklik geen teenstand kon bied teen D.D.T. nie, nou daarin slaag om dit te doen deur eenvoudig 'n nuwe geslag voort te bring wat immuun is teen hierdie stof.**

Boere wat gereeld van D.D.T. gebruik gemaak het, het hierdie verskynsel die eerste agter gekom. Meer en meer boere het gevind dat die vlieë nie deur D.D.T. aangetas word nie.

Daarna is proewe uitgevoer en dit het aan die lig gebring dat vlieë wat met 'n poeier wat 33 persent D.D.T. bevat het bestuif, niks oorgekom het nie.

Die verklaring is dat 'n klein persentasie vlieë teen die stof bestand is, en dat met die uitsterwing van die meer gevoeliges, steeds meer van die taaies oorbly om voort te plant.

# Wil Plan Teen Swart Ontwerp

'n Organisasie wat homself die „Aksiekomitee vir Vryheid van Spraak, Byeenkoms en Beweging" noem en beweer dat hy 64,000 persone verteenwoordig, het 'n kongres in Johannesburg belê om te besluit watter gedragslyn ingeneem moet word nou dat die Minister van Justisie alle vergaderings van die Kommunis Sam Kahn aan die Rand verbied het. Dit sal op Sondag, 3 Julie, plaasvind.

Die organisasie bestaan hoofsaaklik uit vakbonde en organisasies van Bantoes, Kleurlinge en Indiërs. Die omsendbrief, wat 'n uitnodiging bevat om die kongres by te woon, is onderteken deur mnr. D. du Plessis, Johannesburgse sekretaris van die Kommunistiese Party. Hy teken as provinsiale sekretaris van die Aksiekomitee.

Die datum van die vergadering behoort die Minister te herinner aan sy uitgesproke voorneme om die Sondagwette strenger toe te pas.

# Apartheid Op Johannesburg-Stasie

Vanaf eergister word apartheid opk op die Johannesburgse spoorwegstasie toegepas. Blankes en nie-blankes sal aparte duikweë, balkonne en uitweë gebruik. Nie-blankes sal ook nie in die groot binneplein mag kom nie. Al hul geriewe is aan die Oostekant van die stasie. Ondersoek word ingestel om apartheid op ander Randse stasies ook in te voer.

# Kommuniste Buit Staking Uit

'n Lid van die Britse laerhuis, Robert Mellish, het verklaar dat hy en drie ander lede van die laerhuis in 'n onderhoud met stakers by die Londense dokke verneem het dat die lojaliteit van die stakers aan hul vakbond deur die Kommunistiese elemente uitgebuit word. **Hulle het die Kommuniste daarvan beskuldig dat hulle die dokstaking aangestook het in 'n sameswering om die Britse ekonomie te vernietig.**

# Voorbereidings Vir Groot Fees

**Geesdrif vir die onthulling van die Voortrekkermonument die einde van die jaar is besig om oral die kop uit te steek en die planne is nou besig om vaste vorm aan te neem. Die inwydingskomitee is besig om voorsiening te maak vir tussen 20,000 en 25,000 feesgangers op die feesterrein by die monument terwyl plek gemaak word vir 20,000 motors. Die program vir die inwyding is onlangs deur die komitee voltooi en aan die regering voorgelê vir goedkeuring, aangesien dit 'n staatsfunksie gaan wees.**

Die verrigtinge sal die aand van 13 Desember begin en die hoogtepunt sal op 16 Desember bereik word wanneer die onthulling plaasvind. Die amptelike verrigtinge sal op 19 Desember beëindig word. Nog geen besonderhede oor die inhoud van die program is bekend gemaak nie. Die regering het onlangs gesê dat alle bevolkingsdele daar tuis sal voel. Dit het die idee laat ontstaan dat dit moontlik 'n tweetalige fees sal wees.

Die tentdorpe op die kampeergebied sal toegerus wees met bank- en poskantoorgeriewe, brandweer- en noodhulpdienste. Voorsiening vir die huisvesting van naturellebediendes sal ook gemaak word. Lewensmiddele sal verkoop word.

### RAPPORTRYERS

Die verrigtinge in Pretoria word voorafgegaan deur rapportryers uit alle dele van die land. Daar is 15 amptelike roetes waarlangs gery sal word. Daar word intussen 'n beroep gedoen op mense wat in besit is van geskiedkundige dokumente om dit tot beskikking van die rapportryers te stel. Dit sal later deur 'n komitee gerangskik word. Elke dorp kan sy eie fees organiseer. Vir die boodskappe wat afgestuur word, word spesiale velle papier in gereedheid gebring wat later aan die plaaslike komitees gegee sal word. Plaaslike komitees moet dan van alle belangstellende organisasies in hul omgewing boodskappe vra en een hieruit kies of saamstel. Net een boodskap kan gestuur word.

'n Persoon wat die rang van veldkornet sal beklee, sal oog hou oor die reëlings en orde handhaaf tydens die versending van die rapporte. Manspersone word uitgenooi om hul dienste hiervoor aan te bied. Daar moet geskakel word met die sekretaris van die Rapportryersreëlingskomitee, Posbus 4585, Johannesburg.

### KAAPSTAD

Die A.T.K.V. in Kaapstad het reeds 'n plan saamgestel vir die fees by geleentheid van die vertrek van die eerste rapportryers. Op 22 Oktober sal daar groot optogte deur die strate wees waaraan vrouens en kinders en perderuiters sal deelneem. Ossewaens sal ook deel van die optog uitmaak. Op 23 Oktober sal daar groot dienste in die kerke gehou word, terwyl 'n groot vergadering op 24 Oktober in die stadsaal gehou sal word.

Die rapportryers sal op 25 Oktober vanaf die standbeeld van Jan van Riebeeck vertrek.

WEES BESKERM!
INBRAAK-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

BESTEL ALTYD ALLE
• KANTOORBENODIGDHEDE
• KANTOORMEUBELS
• SKRYFBEHOEFTES
BY
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

# Rooi Invloed Strek Tot Binne Kultuurliggame

**Die omvang van die Kommunistiese beweging in Australië en Nu-Seeland is een van die onderwerpe wat die afgelope tyd al meer en meer deur politici van die twee lande bespreek word en die feit dat die Kommuniste onder die dekmantel werk van organisasies wat op die oog onskadelik lyk, maak die gevaar nog groter. Ook in die vakbonde het hulle reeds ingedring en die feit dat 24,000 mynwerkers die afgelope week vir 'n werksweek van 36 uur (vyf dae van sewe uur) begin staak het, toon watter invloed hulle reeds het.**

Die Australiese Arbeidersparty se dienstyd is die end van die jaar om en of hulle weer die paal sal haal, hang tot 'n groot mate af van hoe hulle hierdie probleem gaan hanteer. Hoewel hul teenstanders van hulle verskil oor die manier waarop opgetree moet word, stem almal saam dat drastiese optrede nodig is.

**Verskeie Australiese koerante het aan die lig gebring tot watter mate die Kommuniste reeds in skynbaar kulturele organisasies ingedring en beheer daaroor verkry het. Die Sydney Morning Herald het onlangs 'n lys van die verskillende liggame waarin die Kommuniste huishou, gepubliseer. Dit het soos 'n skok vir die publiek gekom.**

### SKOKKENDE LYS

Onder hierdie liggame is: Die Australiese Vereniging vir Wetenskaplike Werkers; Australiese Joernaliste-vereniging; Britse Drama-vereniging; Kuns en Wetenskap-Komitee van die Kommunistiese Party; Esparanto-vereniging; Eureka-jeugbond; Australiese Skrywerskring; Federale raad vir Openbare en Noodsaaklike Dienste; Hotel-, Klub- en Eetsalon-vakbond; Metropolitan Teater; Nuwe Onderwysvereniging; Nasionale Kunsstudente-vereniging; Nuwe Huisvrou-vereniging; Nuwe Teater; Sydney-Literatuur- en Debatvereniging; Sydney-volkskoor; Sydney-filmvereniging; Posinstituut; Sydney-Tegniese Kollege-vakbond; Skool van Moderne Skrywers; Metaalwerkers-vakbond; Ateljee van Realistiese Kunstenaars; Onderwysersfederasie van Nu Suid-Wallis; Verenigde Vroue-vereniging en die Joego-Slawiese Klub.

### LENIN SE BEVEL

Die Nu-Seelandse minister van openbare werke, Robert Semple, het onlangs 'n boek geskryf waarin hy uiteensit waarom hy die Kommunisme beveg. 10,000 eksemplare van die boek is reeds verkoop. **In 'n hoofstuk onder die opskrif „Kommunistiese aanval op die Vakbonde" haal hy een van die bekende opdragte van Lenin aan waarin Lenin beveel dat geen opoffering gespaar moet word nie en dat daar van enige onwettige middel gebruik gemaak moet word om in die vakbonde in te dring en die werk van die Kommunisme daar voort te sit.** Die skrywer verklaar dat daar genoeg bewyse is dat die Kommuniste besig is om die vakbonde vir hul eie planne in te span. Die Kommuniste werk vir 'n wêreldrewolusie maar baie sal dit nie wil glo voordat hulle dit nie sien gebeur nie, verklaar die skrywer.

### HUWELIK

**COETSEE—GAUCHÉ.** — Hiermee wens ons, Gert Coetsee, voorheen van Burgersdorp, en Elean Gauché, voorheen van Montagu, tans albei van Kaapstad, aan familie en vriende bekend te maak dat ons op 20 Julie 1949 in die Groote Kerk, Kaapstad in die huwelik tree. Geen kaartjies en geen onthaal. Gelukwense: Posbus 4146, Kaapstad. 6/7/1B.

### SPOEDIGE HUWELIK

Jong weduwee van Duitse Offisier, met klein blonde seuntjie. Mooi, middelmatige grootte, slank, wens 'n spoedige huwelik met 'n Afrikaner wat in posisie is om my na Suid-Afrika te laat kom. Doen navraag: **Mev. I. KÖPPLER,** 24a Traveinnude/Ostsee, Achterdeck 19 II, DUITSLAND. 6/7/1.

### DOODBERIG

**GROBLER.** — Dit het die Here God behaag om weg te neem deur die onverbiddelike dood, ons innig geliefde Moeder en Grootmoeder Hester Margaretha Grobler geb. Van Zyl geb. 20 Aug. 1884 oorlede 11 Junie 1949. Sy het in die geloof gelewe en in die geloof gesterwe. In kinderlike nederigheid buig ons die hoofde en berus in die Raad van ons Hemelse Vader. Die bedroefde kinders en kleinkinders Grobler, Barnard, Visagé en Pienaar. Rhenosterfontein 50, Zeerust. 6/7/1B.

### IN MEMORIAM

In liefdevolle herinnering aan ons dierbare vader en oupa wat van ons geneem is op 8 Julie 1947. Ons mis u, maar gun u die rus.
Van Rooyen-gesin, Ysterplaat.

### PERSOONLIK

Ou Afrikaner (Duitser) 42 jaar oud, verlang terug na die Unie. Wie kan help. Rig u antwoord aan: **C. H. Sievers,** Hartwigstraat 16, (23) **Bremen,** DUITSLAND. 6/7/1.

### SOEK TE HUUR

'n Bejaarde blanke man, streng sober, pensionaris, Christelik, wil huur — verstaan duidelik — 'n stil aparte huis van twee of drie vertrekke op plaas of dorp in die Unie of buitekant die Unie. Sal opsig hou in afwesigheid van eienaar. Skryf aan: **Pensionaris,** Bus 1411, Kaapstad. 29/6/1.

### TE KOOP

**SLAGHUIS** te koop saam met aangrensende woonhuis van 10 vertrekke en buitegeboue; dit sluit in een ¾-ton vragmotor, al die slaghuisgereedskap en klandisie-waarde Kwota: 24 skape, 2 beeste en varke onbeperk. Doen florerende besigheid. Prys en besonderhede van **S. P. BEKKER,** Kleinfontein, Tarkastad. 6/7/2B.

### TE KOOP

(1) **Te Koop:** Ek bied weer aan my twee maande oud Wit Leghorn hennetjies asook 40 swart Austrolorps, verkrygbaar einde Julie. Prys 6/6 elk, k.m.b. Gelewer Lichfield Halt. Hokke moet teruggestuur word. **Mev. P. C. de Coning,** Alpha, Indwe. 29/6/2B.

(2) **Te Koop:** Een Moe's broeimasjien (250 eiers). In goeie toestand, teen £15. — **Mev. P. C. de Coning,** Alpha, Indwe. 29/6/2B.

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman,** Robertson. TK/30/3

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steen meule gemaal, 21/7 per 100 lb. gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5 en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P. T.K.

**DEKRIET: DEKRIET:**— Stuur u bestellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TEE

**CEDERBERG-ROOIBOSTEE:** Ondersteun u eie S.A. produk; suiwer eerstegraad spesiaal gekweek vir sy besondere geur en voordeligheid: **Verpakker „Teekoning", Citrusdal, K.P.** 22/6/TK.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barry-merk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barry-merk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

# NOG 'N UNIVERSITEIT WORD SELFSTANDIG

**Wanneer die parlement aanstaande jaar vergader sal 'n privaat wetsontwerp ingedien word waarkragtens die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. selfstandig sal word. Dit sal die vierde en ook die laaste van die saamgestelde kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika wees wat die pad van selfstandigwording betree.**

Die Universiteit van Pietermaritzburg het eerste die voortou geneem en afgeskei van die ou instelling. Daarna het Rhodes en U.K.O.V.S. (Bloemfontein) gevolg wie se selfstandigwordingswette reeds deur die parlement aangeneem is. Die wette is nog nie deur die Goewerneur-generaal geproklameer nie en tot tyd en wyl dit geskied, is hulle nog deel van die Universiteit van Suid-Afrika. Dit is egter nog net 'n kwessie van tyd.

Nou dat die P.U.K. ook hierdie koers wil inslaan, bly nog net die Hugenote-Universiteitskollege te Wellington oor, maar volgens besluit van die regering sal die inrigting gesluit word.

Die stap van die P.U.K. volg op 'n baie gunstige rapport van die kommissie van ondersoek. Daar is op gewys dat wat nagraadse studie betref die inrigting enig van sy soort in die land is, aangesien ongeveer een kwart van die studente wat ingeskrywe is, besig is met nagraadse studie.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**G. A. FICHARDT Bpk.**

**HANDELAARS**

BLOEMFONTEIN

## IS U 'N REPUBLIKEIN ?
## Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..................................................................
..................................................................
..................................................................
..................................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# UIT DIE WEEK SE NUUS

**Die Parlement** het hierdie week verdaag na 'n sitting van 104 dae. Dit is geen rekord nie. Die langste sitting was in 1946 toe die parlement 112 dae gesit het. Daar is altesaam 4,800,000 woorde gepraat — iets waaraan daar nooit 'n tekort is nie. Dit is ook geen rekord nie, aangesien daar gedurende vorige sittings tot soveel as 5,000,000 woorde op die rotse geval het. Die meeste toesprake is vanjaar in Engels afgesteek, nl. 65 persent.

★

**Die nuwe Invoerbeheermaatreëls** waarkragtens sekere goedere nie sonder 'n permit ingevoer kan word nie, is vanaf verlede Donderdag van krag. Invoerders het alles in hulle vermoë gedoen om soveel goedere as moontlik voor hierdie zerodatum in te voer.

★

**Die eerste Finse gesant** in Suid-Afrika het die afgelope week in Kaapstad aangekom. Hy is mnr. H. von Knorring. Finland het nooit voorheen 'n verteenwoordiger in die Unie gehad nie.

★

**Die nuwe reserweprys vir wol** uit die Statebondslande vir die seisoen 1949-'50 is vasgestel. Die algemene uitwerking van die verandering wat aangebring is, is dat die prys van Suid-Afrikaanse vetwol in voorraad ongeveer 10 persent bo die reserwepryse van vanjaar sal wees.

★

**Kanada het aangekondig** dat hy nie in staat is om verdere lenings aan Engeland te maak nie.

**Omdat die opposisie** van voorneme was om die wetsontwerp te beveg, het die regering besluit om nie die wysigingswetsontwerp ten opsigte van die Wet op Oproerige Byeenkomste te wysig nie. Die Minister van Justisie sou volgens die wetsontwerp die mag hê om ook vergaderings in sale te belet. Op die oomblik kan hy net vergaderings wat in die opelug gehou word, belet indien die rassegevoelens daardeur geskaad sal word.

★

**Die V.S.A. sal binnekort** dodeliker atoombomme kan vervaardig. Die afgelope week is 'n nuwe atoomfabriek wat £6,250,000 gekos het, by Hanford, Washington, geopen. Die fabriek sal die ontploffingskern vervaardig wat vir die eerste keer gedurende 1948 in die Westelike Stille Oseaan getoets is.

★

**Die stigting** van 'n algemene raad vir die pers om verantwoordelikheidsin teenoor die publiek te waarborg, is aanbebeel in die verslag van die Britse kommissie wat ondersoek ingestel het na persaangeleenthede.

# VOLKSINKOME VERMEERDER

Die Unie se volksinkomste oor die jaar Julie 1947 tot Junie 1948 word amptelik as £767,400,000 bereken. Dit is aansienlik meer as die berekening van die voorafgaande jaar toe die bedrag op £699,400,000 te staan gekom het.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 6 JULIE 1949

# 'N DAG OP DIE K.G. SE PLAAS

**Dit was al na tien-uur, Dinsdag 24 Mei, toe ons klompie versigtig een na die ander op die pont geklim het, waarmee ons oor die Vaalrivier na die K.G. se plaas, 'n eiland in die middel van die rivier, sou vaar. Ons offisier, komdt. Van Rooy, het voorgestel dat ons iets sing. Ons het hard probeer, maar ons stemme het skoon weggeraak oor die water. Die golfies het saggies teen die kante van die pont geklots. Daar oorkant kon 'n mens al die voëltjies hoor fluit.**

Toe die vlot anderkant teen die landingsplek stamp, was die K.G. daar, om met 'n vriendelike warm handdruk, die klompie van die vlot af te help. Dit was die eerste keer dat die meeste van ons persoonlik met hom in aanraking gekom het. 'n Mens raak sommer van die eerste oomblik af bewus van sy vriendelike hulpvaardige karakter. Jy voel dadelik of jy hom al jare ken.

**SKUITJIE LEK**

Hy is toe saam met ons na die oorkant van die eiland. Halfpad is ons ook aan mev. dr. Van Rensburg voorgestel. Nadat ons verklee het, is ons vergas op heerlike boere-koffie. Ongelukkig het niemand daaraan gedink om baaiklere saam te bring nie, alhoewel dit 'n heerlike warm dag was. Die klomp moes natuurlik op een of ander manier in die water kom. Dit was nogal iets om oor te lag toe Babs, een van die dogters, heerlik plat in die water gaan sit het, om nie eers te praat van Fanie se nat broek, nadat hy in die lekkende skuitjie gery het nie.

Die K.G. en sy gesin het die middagete saam met ons kom nuttig. Daar was heerlike boerewors, en baie daarvan. Na die ete het die K.G. ons so een en ander van die O.B. se bedrywighede gedurende die oorlog, vertel.

**VERSAMELING**

Die namiddag, omtrent om vier-uur, toe ons begin aanstaltes maak om te vertrek, het die K.G. ons eers na sy studeerkamer geneem, waar hy ons



Dr. Hans van Rensburg.

'n miniatuur-vrouemonumentjie gewys het. In sy studeerkamer is ook 'n riempiesmat-stoel met die wapen van die O.B. as rugleuning. Hy het ook verskeie ander aandenkings van belangrike gebeurtenisse. Sy versameling boeke, wat 'n hele paar tale verteenwoordig, weerspieël onmiskenbaar sy veelsydige smaak. 'n Mens kry in sy boekrakke enigiets, vanaf 'n liefdesverhaal tot ingewikkelde boekdele oor staatsaangeleenthede.

By ons terugkeer het hy ons weer tot oor die rivier vergesel. Al singende het ons weer die aand in Potchefstroom aangekom.

(Ingestuur deur Johanna Leeuwner).

# Verhaal Van Kapt. Slegtkamp

**Die vertellinge van kapt. Henri Slegtkamp sal voortaan een keer per maand verskyn. Hou dus maar ons uitgawes gereeld dop.**

## Boerejeugnuus:

### OUDTSHOORNSE BOEREJEUG BRAAI VLEIS

**Op Vrydagaand, 24 Junie, het die Boerejeug van Oudtshoorn 'n baie geslaagde braaivleisaand gehou. Nadat hoofkommandant Lamprecht 'n paar besielende woorde gesê het, en onder andere gepraat het van die energie van die jeug en dat hy hulle altyd beny, het ons ook nie lank op ons laat wag om die lug met die geur van gebraaide wors te vul nie. Die pannekoek het ook skaars grond gevat of daar was niks oor nie.**

Nadat almal na hartelus gesmul het, is 'n kampvuur-program afgehandel waaraan oud en jonk deelgeneem en wat almal baie geniet het. Daar kon weer grappies uit die hoogste rakke gehoor word van die dae toe ons nog almal snuiters was en Oupa nog te perd vir die nooientjies gaan kuier het. Die toppunt van die pret is bereik toe 'n omie met 'n gryserige baard vra of hy en sy vrou nie ook maar by die Boerejeug kan aansluit nie want na vanaand voel hy sommer weer jonk.

Na afloop van die funksie het veldkornet Bothma van die plaaslike O.B.-kommando verklaar dat die jeug die grootmense besiel het en dat hulle ook weer moet begin om funksies soos hierdie te organiseer.

(Ingestuur deur Komdt. H. Hitge.)

Elke Veldkornetskap was weer verantwoordelik vir die heerlike verversings. Komdte Jeppe en „Katryn" het net weer bontgestaan om almal te bedien.

'n Mooi bedraggie is ingesamel deur middel van 'n silwerkollekte ter stywing van ons 16-DESEMBER-FONDS.

—(Ingestuur).

### KAAPSE SKIEREILAND WEER GESELLIG BYEEN

Die Duitse skoolsaal in Kaapstad was verlede Vrydagaand, 24 Junie, gepak van opgeruimde Boerejeuglede. Dit was weer een van die maandelikse gesellige byeenkomste van die Skiereilandse Boerejeug.

### BELLVILLE

Onlangs het die Boerejeug van Bellville 'n gesellige pannekoek-aand gehou aan die huis van hul veldkornette. Terwyl die ouers en belangstellendes binne besig was om oor alles en nog wat te gesels, het die Boerejeug hul besig gehou met allerhande speletjies wat hul terdeë geniet het. Later in die aand is daar heerlik gesmul aan die pannekoek wat deur die Boerejeug-dogters gebak is en wat goed aftrek gekry het. Op dié wyse het hul weer 'n verdere bedraggie van £1 4s. ingesamel ter stywing van ons „16-Desember-fonds."

—(Ingestuur).

### TIERVLEI (Kaap)

Die wind het gewaai en die water het sommer hard geval toe 'n handvol Boereseuns en -dogters 'n kleinerige sinkgeboutjie volgepak het om 'n aangename pannekoek-aand te hou. Die funksie is deur Tiervlei se Boerejeug gehou in die klubgeboutjie van die plaaslike skietvereniging.

Terwyl Veldkntе. Rina Kilian hard besig was met pannekoek bak het Winkel die kinders aangekarwei. 'n Poging om 'n seil voor die geboutjie te span, het misluk toe die wind die skuiling skielik inmekaar laat tuimel het. Almal het toe maar intrek

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

geneem in die „kombuis" waar Johan Greyling hul op trekklavier-musiek vergas het. So tussen die skerts en lag, kon die klompie heerlike verversings geniet.

Te gou was die genoeglike aand verby.

(Berig deur Pans Taljaard).

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
6 Julie 1949.

Beste Maats,

Dis alweer vakansietyd en dan het 'n mens mos min tyd vir sulke dinge soos briewe skryf. Dis seker daarom dat ons vandeesweek net vier briewe ontvang het. Julle gaan darem seker na die vakansie of miskien nog vroeër, aan ons laat weet wat julle alles aanvang, né?

Van GEORGE het ons twee briewe ontvang. Veldknte. GERBER het twee kiekies gestuur wat ongelukkig te dof vir plasing is. Baie dankie in elk geval en stuur maar weer volgende keer.

Die ander brief kom van KONSTABEL ROELOFSE van MEYERTONSTRAAT 24, GEORGE. As oud-veldkornet van George stel hy baie belang in die Boerejeug. Ongelukkig moes hy sy bedrywighede staak toe hy by die Polisie-mag aangesluit het. Hy skryf dat hy baie hard leer om bevordering te kry. Ons wens hom alle sukses toe. Indien daar van ons lesers is wat graag aan hom wil skryf, sal ons bly wees. Hy kan baie interessante staaltjies uit sy loopbaan vertel.

MAAT HANNIE FEREIRRA, van ROOIDAM, P.K. TWEERIVIERE stel 'n baie mooi voorbeeld aan ander lesers. Sy het nie juis nuus om aan ons te vertel nie, maar skryf darem 'n kort briefie, net omdat dit vir haar 'n plesier is. Vir ons is dit ook 'n plesier om te sien dat jy en jou boetie so goed gedoen het in die eksamens.

KOMDT. HITGE van OUDTSHOORN het ook aan ons 'n briefie geskryf en 'n baie mooi verslaggie gestuur, wat ons op hierdie blad plaas.

Hartlike Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

# VOLKSBEWEGING IN BRITTANJE ERKEN ANDER SE REGTE

Heelhartige steun aan die Ierse stryd om die verdeling van Ierland te beëindig, is die Iere toegesê deur die „Union Movement" van sir Oswald Mosley in Brittanje.

Toe duisende Iere onlangs op Mei-dag saamgedrom het om na De Valera te luister, het die beweging aan hom 'n telegram gestuur waarin hy welkom geheet word. Dit lui onder meer: „Union Movement groet 'n groot Ier — 'n ware patriot. Hou aan veg soos ons vir eenheid en vryheid veg."

De Valera wat 'n waarskuwing aan die Britte gerig het oor die verdeling van Ierland, 's telkens luid toegejuig. Tydens die vergadering het die beweging hul strydblad „Union" aan die aanwesiges verkoop en pamflette uitgedeel, geskryf deur Mosley, waarin hy Ierland se reg om te verenig, verdedig.

Die beweging bejeen ook die Afrikaanse kleurbeleid in Afrika met groot simpatie.

# VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hul van harte geluk.

**JUNIE**

30 Martha Rossouw, Wellington.
Hester du Toit, Cedarville, O.G.
Albert Muller, Paarl.
Freda Louw, Suider Paarl.
Anna Kilian, Middelburg, Tvl.

**JULIE**

1 Ria Scholz, Loxton.
John Sharpe, Oudtshoorn.
Wilhelmus du Toit, P.K. Matooster, Tvl.
2 Rian Wolfaardt, Paarl.
Elizabeth Boshoff, Calitzdorp,
Heinrich Boshoff, Calitzdorp, (Tweeling).
Jurgens Hanekom, Paarl.
George Weideman, Cradock.
3 Anna Stassen, Wellington.
Lina Lubbe, Marchand.
Petro Roux, Franschhoek.
Cecilia de Klerk, P.K. Matooster.
4 Johanna Niehaus, Wellington.
Esther du Toit, Paarl.
Dirkie van Wyk, P.K. Mooinooi, Tvl.
Ruth Prinsloo, Saulspoort, Tvl.
6 Michael Heine, Frankfort, O.V.S.
Mias Pretorius, Frankfort, O.V.S.
8 Barendina Rautenbach, Cedarville.
Jacobus Bester, Malmesbury.
Adriana Basson, Kwaggafontein, Tvl.
Catharina van Zyl, Dwarsspruit, Tvl.

# Boerejeug-Hoofkwartier, Die Redaksie En Posbusnommers

Na aanleiding van die baie navrae wat ons ontvang het, waarom Boerejeug-Hoofkwartier na Kaapstad verskuif is, wens ons die volgende mee te deel:

Met die verhuising van hoofkommandant P. Taljaard na Kaapstad, waar hy 'n nuwe betrekking aanvaar het, is daar besluit om ons Hoofkwartier ook hier te vestig, aangesien hfkomdt. Taljaard gewillig was om die Boerejeugwerk in sy vrye tyd te doen. Indien ons Hoofkwartier in Pretoria moes bly, sou daar 'n nuwe Stafhoof aangestel moes word. Hy sou dan van vooraf moes leer wat alles gedoen moet word, wat baie tyd in beslag sou geneem het. Aangesien hoofkommandant Taljaard ook die redakteur van **Vuurslag** is en die redaksie van DIE BOEREJEUG reeds in Kaapstad gevestig is, is dit natuurlik ook beter dat ons Hoofkwartier hier in Kaapstad sal wees om sodoende onnodige administrasie-koste uit te skakel.

Wat die Posbusnommers betref wens ons mee te deel dat die posbus-nommer van BOEREJEUG - HOOFKWARTIER 3471, is. Die posbus-nommer van die BOEREJEUG-REDAKSIE BLY VOORLOPIG NOG 1411.

Offisiere en lede van GEBIED A moet asseblief nie hierdie posbus-nommers verwar nie. GEBIEDSHOOFKWARTIER se Posbus-nommer is nog Posbus 1411.

Ons vertrou dat hierdie inligting nou die sakie vir u sal ophelder.

# SAAM MET BLANKES DOG AGTER TRALIES

**Nadat sy drie jaar lank geveg het en in verskillende hofsake betrokke was, het 'n 25-jarige negervrou in Oklahoma (V.S.A.) daarin geslaag om die staat se segregasiewette 'n knou toe te dien deur 'n hofbevel te verkry dat sy toegelaat word as student aan die blanke universiteit van Oklahoma.**

Hierdie stryd wat in 1946 begin het, is deel van die negers se stryd om orals saam met die blankes te verkeer. Hul strewe het die afgelope tyd aansienlik steun gekry as gevolg van pres. Harry Truman se beleid van gelyke regte.

**Hoewel sy verlof ontvang het om klasse aan die universiteit saam met die blankes by te woon, sal sy in die klaskamers agter tralies moet sit sodat sy behoorlik geskei is van die blankes. Sy sal ook nie saam met die blankes in hul eetsalon eet nie, maar in 'n aparte vertrek saam met ander negers. Ook in die biblioteek sal sy van die ander studente geskei wees.**

Diegene in Suid-Afrika wat so teen segregasie skree, kan gerus hierdie geval in gedagte hou. Die tralies is maar die tasbare uitdrukking van 'n sosiale feit wat in elk geval aanwesig is waar nie-blankes by blankes indring. **Met behoud van hoeveel meer selfrespek kon hierdie negerin nie aan 'n suiwer neger-inrigting studeer het waar aktiewe deelname aan die studentelewe deel van haar opleiding kon gewees het nie.**

Voorstanders van „gelykheid" besef nie behoorlik hoe hulle die ongelykheid juis beklemtoon wanneer hulle dit teen die agtergrond van „gelykheid" bring nie.

# Indiese Vloot Sal S.A. In Toekoms „Beskerm"

## ‚Namate Britse Vloot Inkrimp'

**Die vooruitsig dat die Indiese vloot Suidelike Afrika — en veral die Ooskus — in die nabye toekoms sal moet beskerm en nie die Britse vloot nie, is deur kapt. H. N. S. Brown, commodore van die Koninklike Indiese vloot, aangekondig toe hy 'n eetmaal in Dar-Es-Salaam toegespreek het. „Na gelang die Koninklike Indiese vloot in sterkte toeneem, sal die Britse vloot in hierdie deel van die wêreld sy bedrywighede inkrimp," het hy gesê.**

„Ek is oortuig dat die tyd sal aanbreek vir, wat tans bekend staan as die Oos-Indiese Afdeling van die Royal Navy, afgeskaf sal word as sodanig en dat sy werksaamhede oorgeneem sal word deur die Royal Indian Navy.

**„As hierdie oortuiging van my waar kom, is dit vanselfsprekend dat die Royal Indian Navy kontakte deur die hele gebied moet kry.**

**„Ek dink dit is ook duidelik dat ons die voorreg sal hê om meer dikwels in die vervolg hier te kom, want die Ooskus van Afrika sal deel wees van die invloedsfeer van die Royal Indian Navy.**

„Ek gebruik hierdie uitdrukking versigtig en sê ‚invloedsfeer van die Royal Indian Navy' en nie ‚invloedsfeer van Indië' nie.

„Die verdediging van die Gemenebes moet deur al die lede gedeel word en Indië sal ongetwyfeld groot verantwoordelikheid in hierdie gebied hê.

„Ek is oortuig dat in die toekoms julle in Tanganjika, net soos ek, as ek terug is in Engeland, vol vertroue sal wees dat die Royal Indian Navy hom van sy taak sal kwyt, wat ookal van hom verwag word."

### INDIESE BASISSE

**In sy kommentaar oor hierdie uitlating skryf Die Volksgenoot, enigste Afrikaanse koerant noord van die Limpopo dat dit beteken dat die Indiese vloot meer hawens en basisse in Afrika tot sy beskikking sal kry.**

„Sy mees skokkende uitlating is egter die dat die Indiese vloot die Ooskus van Afrika as sy invloedsfeer moet kry!

„Dit is 'n saak hierdie wat nie net Tanganjika, Kenia en ander Britse gebiede in Afrika tref nie, maar ook Rhodesië en die Unie van Suid-Afrika. In die geval van 'n volgende oorlog, sal die Indiese vloot waarskynlik 'n belangrike rol vul in die verdediging van Oos-Afrika.

„Teen hierdie beleid, indien dit die goedkeuring wegdra van die Imperiale Regering, moet ten strekste beswaar aangeteken word. Dit is van kardinale belang dat hierdie uitlatings van owerheidsweë ontken of bevestig moet word, sodat die blankes van Afrika en die ontwikkelde naturelle kan weet wat hulle te wagte is en wat hulle te doen staan.

### INDRINGING

**„Die Indiese vloot durf geen basisse aan die Ooskus van Afrika kry nie. Dit sal slegs dien om die blanke se gesag verder te ondermyn en om die Asiatiese indringing in Afrika te vergemaklik en te bespoedig. Tewens dit sal bydra tot die totale uitskakeling van die blanke in die ekonomiese lewe van Oos-Afrika. Hierdie proses is reeds ver gevorder.**

„Die Rhodesiese en Suid-Afrikaanse regerings behoort aandag te gee aan hierdie ontwikkeling en die versekering van Brittanje te kry dat die Indiese vloot onder geen omstandigheid die kus van Oos-Afrika tot sy invloedsfeer sal kry nie."

# België Kry Ook 'n O.B.

(Vervolg van bls. 1 kol. 5) parlementarisme gekoppel het. In dié verband word verklaar:

### PARLEMENT GEEN DEMOKRASIE

**„Die grootste fout van die sosialisme van die laaste geslag was die vereenselwiging van die demokrasie met die parlementêre stelsel. In werklikheid is die parlementarisme daaryan slegs 'n nuwe en verbygaande variëteit, wat alleen in Engeland en Skandinawië min of meer goed werk en nie bestaan in die Verenigde State (presidensiële gesag), in Switserland (volkstemming en gestabiliseerde regering), ens., nie. Dit getuig voortdurend van sy onmag om die maatskaplike orde deur struktuurhervorming om te skep. Dit bevoordeel die geheime invloede van die geldmag, van die pers, van die burokrasie, ens. Dit boesem nog net die politikers en hul aanhang belang in. Die man van die straat glo daar nie meer in nie en bejeen dit met onverskilligheid of selfs met minagting."**

Wat die omvang van die beweging is, kan nog nie gesê word nie, maar op die stigtingskongres was 500 uitgenooides aanwesig.

### O.B. SE BETEKENIS

**Vir lede van die Ossewabrandwag het die stigting van De Volksunie in 'n stamverwante land die betekenis dat dit andermaal bewys dat hoewel ons Beweging op suiwer Afrikaanse-tradisionele grondslag staan, hy ook in homself die nuwe ontwaking wat hom oor die hele wêreld kenbaar maak, beliggaam. As die O.B. pleit vir die herstel van die republikeinse eenheidstaat van ons voorvaders, bedoel hy ook daarmee die aanpassing van daardie staatsidee by die behoeftes van die moderne tyd met sy ingewikkelde struktuur. Dit is die staat van die toekoms wat oral die uitgediende parlementarisme sal vervang.**

# VLOOTSLAE ONDER WATER VOORSPEL IN NUWE OORLOG

**Oorlog onder die water sal in die toekoms waarskynlik net so belangrik wees as oorlog bo-op die water, aangesien dit bekend is dat wetenskaplikes van die groot moondhede, veral Amerika, hul tans daarop toelê om wapens te ontwerp wat vir hierdie doel geskik sal wees.**

Onder die oorlogstoerusting wat ontwerp word, is daar ook televisie-kameras wat in staat is om onder die water foto's te neem. Dit sal waarnemers in staat stel om presies vas te stel wat onder die water plaasvind.

**Die mense wat die oorlog beplan, voorspel dat groot langafstand-vlote duikbote onder die water aanmekaar sal spring.** Hulle sal toegerus wees met die modernste toerusting waaronder die Duitse uitvinding ‚schnorkel' wat 'n duikboot in staat stel om weke lank onder die water te bly sonder om na bo te kom om weer lug te skep.

### VINNIG

Brittanje spog tans daarmee dat hy die vinnigste duikboot ter wêreld het. Dit sou selfs nog vinniger wees as die vinnige Duitse duikboot waarop die Britte beslag gelê het. In plaas

(Vervolg in kolom 5)

# LONDEN SAL MOET BESLUIT OOR OPPERHOOF SE WITVROU

**Die naturelle van die Bamangwato-stam in Betsjoeanaland was die afgelope week opnuut in die kalklig na aanleiding van hul besluit om hul kaptein Seretse Khama as hul opperhoof te aanvaar nieteenstaande hy die stamtradisies verbreek het deur met 'n witvrou, Ruth Williams van Brittanje, te trou.**

Die Engelse pers berig dat die Unie-regering dit beter ag dat hierdie witvrou van 'n swart naturellekaptein nie in die Unie moet land nie. Ruth Seretse is, volgens berigte, nog in Brittanje en sal gevra word om in Rhodesië te land waar sy deur Seretse gehaal sal word. Verlede week is berig dat sy moontlik in Johannesburg sou land.

Die huidige regent Tshekedi wat waarneem in die plek van Seretse, het hom ten sterkste uitgelaat teen die stam se besluit om Seretse te aanvaar nadat hy die stamtradisies verbreek en 'n president vir die toekoms geskep het. Tshekedi het ook sy voorneme te kenne gegee om die stam te verlaat en hom in een van die suidelike reserwes te gaan vestig omdat hy nie die stam wil verdeel nie, aangesien hy 'n groot aanhang het wat teen Seretse is omdat hy nie die stamtradisies gehoorsaam het nie.

Tshekedi het ook sy regsadviseur uit Kaapstad ontbied om hom met raad by te staan oor die wetlike posisie. Klaarblyklik is hy nie bereid om hom by die uitspraak van die massa wat deur Seretse se agitators opgesweep is, neer te lê nie, en wil hy duidelikheid oor die toestand hê.

Nadat die stamvergadering daelank gesit het waar Seretse sy saak gestel het, het die meerderheid vir sy terugkeer met sy witvrou gestem teenoor 'n veertigtal leiers van die stam. Die Britse regering moet nog finaal beslis oor die uitspraak wat na die eerste opgewondenheid tans in al wyer kringe betreur word.

# Brittanje Staar Krisis In Oë

**Net soos tydens die Duitse aanslag op Brittanje wat die Britse Ryk tot in sy fondamente geskud het, is die Britse kabinet tans verplig om vraagstukke die hoof te bied wat Brittanje se ondergang sal beteken indien dit nie betyds besleg word nie. Dit staan ook vas dat hy nie in staat sal wees om dit te bowe te kom as hy nie hulp van elders ontvang nie.**

Brittanje se moeilikhede kan hoofsaaklik onder drie hoofde opgesom word. Ten eerste is daar die nywerheidsonrus wat besig is om van die een vertakking van die nywerheid na die ander uit te brei. Die moraal van die Britse werker is besonder laag as gevolg van na-oorlogse omstandighede en daar is voortdurend 'n ontevrede gebrom om hoër lone en minder werksure. Die ontevredenheid word veroorsaak deur hoë lewenskoste en skaarste aan voedsel en ook die feit dat die linkse elemente in die vakbondwese, wat reeds 'n behoorlike houvas gekry het, hierdie ontevredenheid aanwakker en verwagtings by die arbeiders opwek wat hulle weet die regering nie aan kan voldoen nie.

### GELD RAAK OP

Brittanje se tekort aan betaalmiddele kan as een van die grootste probleme van die kabinet beskou word. Ten spyte van die na-oorlogse Amerikaanse dollarlening en die Marshallhulp wat hy ontvang het en die uitvoerveldtog wat van stapel gestuur is, was dit nie vir die Britte moontlik om die betalingsbalans weer in ewewig te bring nie en is dit selfs moontlik dat die gaping groter sal word. In werklikheid moet Brittanje tans sy goudreserwe in die stryd werp.

As gevolg van internasionale ekonomiese moeilikhede ondervind Brittanje tans nog groter moeilikheid met sy uitvoerhandel, selfs in lande met ‚sagte' betaalmiddele. **Dit beteken dat Brittanje minder geld verdien om goedere in te voer en in Britse kringe word reeds in die vooruitsig gestel dat indien daar nie hulp opdaag nie (hierdie kwessie sal hierdie maand in Londen in die aanwesigheid van mnr. N. C. Havenga bespreek word) sal Brittanje nog minder voedsel en ook minder noodsaaklike grondstowwe invoer. Op sy beurt moet die weer die Britse uitvoerveldtog in die wiele ry.**

### ONRUS

Die nywerheidsonrus het begin by die spoorwegmanne. Soos alle ander Britte wil hulle minder werk en meer verdien. Hulle vra 'n loonsverhoging van 10s. per week. Hul staking raak ook die skeepsbedryf omdat die werkers weier om skepe in die hawe af of op te laai. Inmiddels het die Vervoervakbond sy voorneme aangekondig om sy medewerking met die regering te beëindig. Hy tel sowat 1,500,000. **Daar is genoegsame bewyse dat die Kommuniste hul volle aandeel in hierdie ondergrawingsveldtog neem.**

Die Britse eerste minister, Attlee, het die naweek te velde getrek teen diegene in Brittanje wat alles in hul vermoë doen om die land in die afgrond te trek en diegene wat nie hul krag laat geld in die pogings om Brittanje te red nie. **Hy het die aanval op die Britse kommuniste gedoen en terselfdertyd verklaar dat Rusland — hulle geestelike tuiste — een van die mees agterlike lande van die teenswoordige tyd is.** Attlee het gesê dat Brittanje die reg van Rusland erken om 'n staatsvorm te hê soos hy verkies, „maar ons sal vasberade enige poging om ons mense tot dieselfde peil af te trek weerstaan."

# Nuwe Lewe In Observatory

Verlede Donderdagaand het komdt. Heyns, wat onlangs bevel oor die Observatory-kommando aanvaar het, 'n geslaagde vergadering gehou in die Collingwoodsaal. Die opkoms was baie bevredigend.

Genl. W. R. Laubscher en genl. J. de Villiers Truter (in bevel van A1) wat as sprekers opgetree het, het die aanwesiges besiel en 'n nuwe geesdrif by hulle opgewek.

Komdt. Heyns het gesê dat die kommando 'n nuwe lewe tegemoet gaan. — (MEEGEDEEL.)

# Gaan Ook Verdediging Bespreek

Die Unie se Minister van Verdediging sal eersdaags na die buiteland vertrek in verband met verdedigingsaangeleenthede. Hy word vergesel deur die Hoof van die Generale Staf, lt.-kol. L. Beyers. Minister Erasmus sal saam met mnr. N. C. Havenga, die Unie se Minister van Finansies, na Londen reis en ook in Washington aandoen.

(Vervolg van kolom 3)

van die gewone 10 knope per uur behaal hierdie Britse duikboot 21 knope per uur. Die Verenigde State maak op sy beurt weer daarop aanspraak dat hy vier duikbote het wat nog vinniger is as die Britse ontwerp.

**Dit is ook bekend dat Rusland hom veral op duikbootoorlog voorberei. Hy beskik nie net oor die nuutste Duitse uitvindings en planne wat in sy hande geval het nie, maar ook oor sommige van die knapste Duitse deskundiges.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.